**Reeks:** Hoe Bestuur jy jou Hart...
**Titel:** ... 'n Vrygewige Hart
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 30 Oktober 2011 (Gesinsdiens)

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Voornemende lidmate gee dikwels terugvoer dat hulle baie van die gemeente hou omdat ons nie oor geld praat en dit nie oor geld gaan nie. Die terugvoer laat my partykeer wonder. Daar is dalk 'n gevaar daaraan verbonde. Die een is dat ons nie baie relevant gaan wees nie, want hoeveel van ons probleme en ons stryd en bekommernis in die lewe gaan nie juis oor geld nie? Die nommer een twispunt in 'n verhouding tussen 'n man en vrou is geld.

Die tweede groot rede is die Bybel praat so baie daaroor. Jesus het... die meeste van Jesus se gelykenisse het oor geld gegaan, en Hy het meer oor geld gepraat het as wat Hy oor die hemel gepraat het, as wat Hy oor die hel gepraat het, en in Sy lering word dit baie duidelik dat geld 'n kwessie van die hart is. Dis nie net iets fisies nie. Dis nie net iets materieëls nie. Die hele wêreld en jou hele lewe is inmekaargeweef. Alles hoort bymekaar, en daarom sal jy een of ander tyd, as jy 'n volgeling van Jesus wil wees, wil groei op die journey, op die pad saam met Hom, na geld moet kyk en jou moet oopmaak na wat Hy sê en hoe Hy dink daaroor.

Wat sal jy dink van 'n dokter as jy na hom toe gaan en vir hom sê ek sit met 'n kroniese moegheid, help my, en hy sê vir jou hier is 'n tonikum, drink dit? Hierdie ding gaan vir jou energie gee. Daar gaan jy. Is dit nie heeltemal vanpas en normaal as die dokter vir jou sê, maar kom ons kyk 'n bietjie wat eet jy, hoe slaap jy, hoe werk jy, wat is jou patrone? Kom ons kyk 'n bietjie na jou verhoudings. En jy sal sekerlik nie vir die dokter sê maar dit het niks met jou...

Verhoudings, dis die sielkundige se afdeling daardie. Los daardie, ek gaan na 'n sielkundige toe. Ek vra jou nou net om te help met my energievlakke en my... alles is inmekaar verweef en alles hou verband met mekaar, en daarom sal 'n goeie dokter holisties kyk na alles wat in jou lewe gebeur as jy gehelp wil word, en so sal ons ons moet oopmaak vir genesing, vir groei, vir vooruitgaan in die lewe, vir elke faset van ons lewe.

Vanmôre gaan ons kyk na iets wat Paulus geleer het, drie groot begrippe wat hy vir ons los rondom bestuur wat direk verband hou met ons hart, en dit gebeur baie lank terug, toe daar in die gemeente van Jerusalem 'n hongersnood gekom het en daar baie gebrek was, en Paulus besluit het om geld op te neem vir die gemeente in Jerusalem by die gemeentes in Klein Asië, en hy vir hulle vra om te gee vir 'n gemeente wat hulle nie ken nie, vir mense vir wie hulle niks skuld nie, dra asseblief iets by, en dan gee hy vir hulle drie sleutelbegrippe.

Die eerste een is 'n beginsel, en dan gee hy vir hulle 'n baan, en dan gee hy vir hulle 'n belofte. Nou, die beginsel het te doen met die feit dat God vir ons almal saad gegee het. Paulus sê dat die Here vir almal iets gegee het. 'n Saad is iets wat jy nie geskep het nie. Dis iets wat jy nie gemaak het nie.

PO Het jy gekry?

JG Dis iets wat jy nie verdien het nie. Saad is net daar. Dit kom van God af.

PO Ek het nie saadjies gekry nie.

DO Ek het ook nie. Ek weet nie waarvan hy praat nie.

PO Het jy gekry?

JG En hy sê Hy het dit vir almal gegee.

DO Nee, ek het niks gekry nie.

JG Askies, Poppies en Doppies, ons is besig hierso, man.

PO Maar, Johan, Doppie is ongelukkig want hy het nie saadjies gekry nie.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

DO Ja, dis onregverdig. Johan sê dan almal het saad gekry. Jan het boontjies vir sy boontjierank en Hansie en Grietjie het broodkrummels en Aspoestertjie het pampoensaad, en tot Sneeuwitjie het saad van 'n appel, maar wat van my?

PO Man, hy praat nie van boontjierank bone of pampoensade nie, jou pampoen.

DO Nou waarvan praat hy dan?

PO Ek weet nie, kom ons vra hom. Johan, sal jy vir ons meer verduidelik van die saadjies?

JG Okay, luister net mooi, asseblief, hoor.

PO Okay.

JG Saad: Paulus sê in 1 Korintiërs 4:7 is daar iets wat jy het wat nie van God af kom nie. Is daar iets wat jy het wat nie van God af kom nie? Jou lewe is 'n geskenk. Jou asem. Jy weet, die ou Jode glo, en ons sien dit in die boek van Job, en dit slaan kort-kort in die Ou Testament na vore, dat jou asem is jou gees. Daar is net een woord in die Bybel daarvoor. God het dit vir jou... die oomblik as Hy dit terugvat dan gaan jy dood, dan sterf jy.

Jou krag, jou energievlak, jou intellek, jou persoonlikheid, jou ouers, jou familie, jou vriende, jou kontakte, alles wat jy het, selfs die geld wat jy verdien het, die wet waarsku ons in Deuteronomium 8 dat jy nie vir jouself moet sê dis deur my briljantheid en dis deur my krag wat ek hierdie rykdom verwerf het nie, maar dink aan die Here jou God, sê die wet, wat vir jou die krag gegee het om hierdie rykdom te verwerf. Ons sê dit baiekeer: he's a self made man. Ek het so hard gewerk. Ek verdien dit. Ja, jy het, maar dis alles deur God. Hy het vir jou die verstand, die briljantheid, daardie toevallighede, daardie kontakte, daardie mense wat in jou lewe kom, alles is vir jou gegee. Dit alles is saad, sê die Bybel. Daarin is geweldige potensiaal in opgesluit.

Jy weet, 'n rukkie gelede wys iemand vir my 'n saadjie, en hy wys vir my die boom wat uit daardie saad uit gaan voortkom as jy daardie saad koester en hom plant en na daardie saad kyk, maar dis bietjie complicated. Dit moet onder 'n sekere temperatuur wees, sekere hoeveelheid water, sekere vog en alles, maar dan groei daardie boom, word 'n geweldige groot boom, en hy dra die ongelooflikste blomme. Jy kan nie dink wat in 'n saadjie in opgesluit is nie. Jy het saad. Fisiese, emosionele, geestelike, sosiale kapasiteit en vermoë; elke een van ons het dit.

Nou, sê Paulus, moet jy daardie saad vat wat God jou gegee het en jy moet dit gee. Jy moet dit saai. Jy moet dit saai, en op daardie manier kan jy terugkry, gaan God vir jou gee. Nou, hier is 'n vraag. Dink jy ooit aan gee as 'n manier om te ontvang? Dis 'n begrip wat natuurlik vêr buite baie van ons se logika lê. As jy wil hê, wat moet jy doen? Leen. Jy kan steel ook. Dis ook 'n manier om te kry. Jy kan probeer om gelukkig te wees. Gaan casino toe, speel 'n bietjie daar, miskien kan jy op daardie manier kry. Jy kan skimp. Jy kan 'n tweede werk, 'n tweede besigheid... jy kan baie harder werk sodat jy meer kan kry.

Die Bybel praat baie op die maniere van waarop ons kan inkry en waarop ons kan inwin. Party word totaal afgekeur en gesê moenie soontoe gaan nie, ander word teen gewaarsku. Dink jy ooit aan gee as 'n manier om te kry? Jesus het gesê if you give you will get. Your gift will return te you. En hier is die beginsel: die beginsel van saai en maai. Wat jy saai sal jy maai. Net wat jy saai sal jy maai. Die saad wat jy gebruik, en jy het 'n klomp verskillende soorte saad, daardie saad gaan vir jou 'n oes oplewer. Die hoeveelheid wat jy insit in die grond gaan bepaal hoe groot die oes gaan wees.

Ek het in hierdie afgelope twee weke wat verby is met twee gesinne in die gemeente te doen gekry wat deel is van die gemeenskap van Mosaïek, wat diep glo aan die beginsel van saai en maai, en een van hulle het nou net vir ons as 'n gemeente 'n baie groot bydrae gelewer op Origins. Daar het twee gesinne na vore gekom wat vir ons die bidplek op Origins oprig, wat sekerlik, ek dink, die waarde hier by R1.5 miljoen gaan wees, twee gesinne. Ons is so dankbaar vir hulle.

Hier is miskien net 'n belangrike ding wat ons agtergekom het, is dat mense het verskillende passies in die lewe. Daar is verskillende goed wat hulle harte diep raak, sake in die lewe. Ek het al agtergekom daar is mense wat vir die kerkgebou gegee het toe ons gevra het, maar hulle gee nie eintlik vir ander goed nie. Daar is mense wat hou van armes. Daar is mense wat hou van kos. Daar is mense wat hou van VIGS. Mense word diep geraak en aangetrek deur sekere aspekte van die lewe.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Hier is 'n ding wat ons dink ons nie behoort te doen nie. Moenie ander se maniere en se harte beoordeel as verkeerd nie. Kyk, die gevaar is dat ons projekteer, en natuurlik kry ons dadelik 'n skriffie daarvoor. Dis die belangrikste ding. Ek kan nie verstaan dat mense geld gee vir dit en nie vir dit nie, jy weet. Mense is gekritiseer. Dikwels het mense gekom en gesê hoe kan julle soveel geld uithaal vir 'n gebou. Hoekom gee julle dit nie eerder vir die armes nie? Dis 'n projeksie. Ons gee nou meer vir die armes as wat ons nog ooit in ons lewe gegee het, juis deur die gebou, wat ons gehelp het om 'n groter gemeente te bou en ons meer in staat te stel om te gee. So, kom ons aanvaar dit dat mense het verskillende harte.

Hierdie mense het... nou vra ek hierdie man, nou hoekom nou juis vir dit, 'n bidplek? Hy sê, man, ek soek nou al 'n geruime tyd na 'n vrugbare stukkie grond waarop ek saad kan saai. Toe ek hierdie plek sien en ek sien wat hier besig is om te gebeur, en ek sien hoe hier 'n diep behoefte in mense wat soek na God aangespreek gaan word, het my hart begin te klop en ek... dit is baie moeilike tye waarin ons leef. Ons gaan deur baie, baie goed. In my besigheid, ons gaan deur vreeslike goed. Ek het besef dis 'n tyd om weer te saai, en God roep my om te saai. Hulle is skaars. Daar is min mense wat diep uitverkoop is aan hierdie idee en dit glo. Die eerste beginsel is saai as jy wil maai. Net wat jy saai sal jy maai. Die mate waarin jy saai gaan bepaal hoeveel jy gaan maai.

Die tweede groot beginsel het te doen met die baan, die weg, die manier waarop jy dit doen. Paulus sê in vers sewe dat jy dit nie moet doen uit droefheid of uit dwang nie, maar laat elkeen van julle gee soos wat hy hom in sy hart voorneem, nie uit droefheid, uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief. Paulus raak die drie groot persoonsfunksies in elke een van ons aan: jou denke, jou emosies, en jou wil. Elke een van ons het innerlik 'n gevoel, ons wil iets en ons dink oor iets.

Nou, hierdie drie persoonsfunksies werk nie op dieselfde manier in elkeen van ons nie, maar Paulus sê dat wanneer jy gee, dat jy op die regte manier, in harmonie met hierdie drie, moet gee. Hy sê jy moet jouself voorneem. Daar moet intellek, daar moet denke wees. Jy moet dink. Jy moet besluit. Jy moet wil gee. Nie dwang nie, nie geforseerd nie. As jy ooit voel ek word geforseer nou om 'n ding te doen dan moet jy dit nie doen nie, want dis die verkeerde manier om dit te doen. Die manier is net so belangrik as die ding wat jy doen. Jy weet, as jy dit op die verkeerde manier doen dan kan dit ook 'n verkeerde ding wees wat jy doen.

Maar dan moet jy dit doen ook met die regte emosies. Hy sê jy moet uit blymoedigheid uit, nie droefheid nie, nie droefheid nie, blymoedigheid uit. Nou, ek dink as ons kyk na hierdie drie persoonsfunksies en die maniere waarop ons moet gee, dat elke een van ons uitgedaag word op 'n ander manier om op die regte manier te gee, en om te groei om uiteindelik op die regte manier te gee, want jy kry 'n kombinasie van hierdie drie persoonsfunksies in elkeen van ons. Daar is gewoonlik een dominant of twee dominante persoonsfunksies, met een wat dan meer ondergeskik is.

So kry jy iemand wat byvoorbeeld baie emosioneel is, en daar is 'n direkte verband tussen die manier waarop hy met geld omgaan en sy emosies. Dit is gewoonlik die ekstrovertiese persoons-georiënteerde tipe persoonlikheid. Hy is bietjie meer impulsief en dit... as jy nou wil weet of jy so 'n persoon is, is jy die persoon wat jou... jy sal... gewoonlik trou ons mos met iemand anderster wat as ons is, so dit is die... jou maat sal kla oor die feit dat jy soveel onnodige goed koop en uitgee. Jou maat sal kla dat as die vriende kom kuier jy dalk meer spandeer as wat julle ooit begroot het of gedink het om te gee. Jou antwoord is, kom ons worry later daaroor.

Ek het so 'n vriend. Hy bel my, hy sê vir my jy sal nie glo wat het met my gebeur nie. My hart begin so te klop in my keel. Ek wonder, wat het hy nou weer gekoop. Hy sê jy sal nie glo nie. Ek vat 'n ander pad, nê, ek ry nooit daardie pad nie, nooit. Ek weet nie hoekom vat ek daardie pad daardie oggend nie, maar ek vat daardie pad, en toe ek so om die draai kom toe is hier 'n boot op sale. Dis die grootste bargain wat jy in jou lewe gekry het. Daardie enjin is meer werd as wat die hele boot en die enjin is. Kan jy dit glo?

Ek sê moenie vir my sê nie, jy het hom gekoop. Wat kon ek doen? Dit is 'n bestiering. Ek sê nee, nee, moenie nou geestelik raak oor hierdie ding nie, jy weet. Nou wil hy die Here inbring in hierdie ding wat hom nou gelei het om die boot te koop. Hy sê... ek sê vir hom, maar jy ry nooit boot nie, jy stel nie belang nie. Ja, maar ek wou nog altyd, van kinds af wou... dis 'n droom in my, nou het dit waar geword. Ek sê nou maar ek is bly vir jou. Ek hoop jy geniet dit.

Nee, maar hy het 'n guns om te vra, of hy nie die boot 'n bietjie by my kan kom stoor vir so 'n rukkie nie, want hy sal nou eers vir mamma moet voorberei op hierdie ding. En het hy die cheek om vir my te vra, maar sal jy nie ook sommer net so bietjie met mamma gaan praat oor hoe die Here partykeer... jy weet. Ek sê nee, los my uit hierdie


**© 2011 Mosaïek**

ding. Dis die tipe persoonlikheid wat nie die kredietkaart in die gesin mag dra nie. Ons verskil van mekaar. Dis die persoon wat geneig is om dikwels te veel te gee, of om verkeerde redes te gee, jy weet.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

En die ander tipe persoonlikheid, hy trou gewoonlik met iemand wat baie beredenerend is, nê, meer uit die kop uit, werk presies uit hoe dit... dis die persoon wat baiekeer aan analysis paralysis ly en wat nooit op die plek kom om te gee nie, want dit hou net aan ondersoek. Dit kry net altyd redes waarop die geld beter spandeer kan word, en ek is nog nie gelukkig met dit nie, en wat van as dit gebeur en as dit gaan nie gebeur nie. Dis die ou wat sukkel om te kan gee.

Jy kry die persoon met die sterk wil. Dit is dikwels die persoon wat wil beheer. Hy sukkel om te kan laat gaan, want selfs as hy gee dan wil hy nog steeds daardie geld beheer as dit gegaan het en hy wil nog steeds 'n sê hê, en hy wil nog steeds kyk hoe dit... so ons almal is uitgedaag op verskillende maniere, so Paulus sê groei. Groei, want dit is hoe dit kan gebeur met 'n blymoedige hart, met 'n opregte intensie, met 'n deurdagtheid. Gee op hierdie manier.

Die laaste ding is die belofte. Daar is twee groot... daar is 'n paar beloftes wat hier... net twee beloftes. Hy sê die ouens se mae gaan vol word. Hulle gaan kos kry om te eet, en dan gaan God geprys word. Daar gaan 'n fisiese effek wees, en daar gaan 'n geestelike effek wees. Dit is hoe ons lewe is, gees en vlees, nie een van die twee nie, albei is belangrik. Albei saam is belangrik, jy weet, en daar gebeur dikwels 'n skeiding, en ook in ons verhouding met die Here, dat... dit is asof ons... die Here moet sekere goed van die lewe vertrou en met ander goeters ons deel.

Jy weet, as dit nou by sonde en die hemel en... wie weet wat is daardie goed en wie verstaan daardie goed? Dis die Here se goed daardie, maar as dit nou kom by kerk en... ag, by geld en by werk en by... dis my departement hierdie. Dis asof ons in 'n dubbelverdieping huis bou... bly en die boonste verdieping is syne, en die onderste verdieping... okay, as alles verkeerd loop in die onderste verdieping, sê nou maar ek raak siek, hulle kan my nie meer help nie, dan... wat doen ons dan? Ons kan nou niks meer doen nie. Ons kan nou maar net bid, dan gaan bid ons. Dis... daar is 'n split, en Paulus sê nee, die lewe hoort saam. Die lewe is albei. So kry jy dat Christene na een van die twee kante toe oorval, of die twee die heeltyd skei van mekaar.

Julle weet waar kom universiteite vandaan? Ek wil net sê universiteite is 'n idee wat gebore is uit Afrika, as jy die geskiedenis gaan haal, deur die kerk. Hospitale is 'n kerk se idee gewees. Skole is deur kerke begin en dit was kerke se idee, maar die idee was nooit dat 'n mens net opvoedkundig nodig het nie. Die idee was nooit dat 'n mens net gesond moet word nie. Die idee is nooit dat 'n mens net moet eet nie. 'n Mens is baie meer as dit. 'n Mens... jy kan nie dit onder 'n mikroskoop bepaal nie.

Jy weet, as jy die stowwe waaruit jou liggaam bestaan vat, die waterstof, die koolstof, die stikstof, die suurstof, is jy maar R16,99 werd, maar jy is eintlik baie meer as dit want <u>jy</u> is meer as dit. Jy is gees, en so, wanneer ons ooit iets aanpak... maar aan die ander kant ook is jy nie net dit en ons gee nie om oor die lewe hier nie, en ons sien dit in die opstanding van Jesus dat Hy nou met 'n geestelike liggaam leef. Dis die enigste godsdiens, sovêr as wat my kennis strek, in die hele wêreld, wat gees en vlees totaal by mekaar uitbring en verenig. Dit is wat nou kan gebeur, en Paulus sê dit gebeur as jy gee. Dis op hierdie manier wat daardie vereniging in jou lewe kan plaasvind.

Die tweede laaste ding, Hy gaan vir jou 'n oes gee. Ek wil vra dat hier net twee outjies sal kom en my sal help so bietjie met 'n illustrasie hierso. Baie dankie, julle kan maar net so omkom.

PO Dis Tiaan en Crystal. Hulle gaan kom help.

DO Fantasties.

JS Ongelooflik.

DO Wat gaan hulle doen?

PO Ek dink hulle moet die koerantpapier gebruik.

JS Okay, kan julle vir ons hierdie sak vol maak, asseblief? Ja, gooi maar net in.

PO O lekker, dis boeresports, jong.

die kuns van lewe!


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

DO Ja, hulle gaan sakresies hou.

JG Sit net vir ons in.

PO O, julle is stadig, jong.

JG Okay, die sak is vol, maar hy is nog nie heeltemal vol nie.

PO Is, hy is.

DO Daar gaan niks anders daar inkom nie.

JG Druk... jy kan hom nou nog indruk, dan kan daar heelwat meer inkom. Druk so bietjie in en dan skud jy hom so bietjie. Pressed down, shaken together, okay, nou kan jy nog ingooi.

DO Wow!

PO Daar is nog plek, jong.

DO Ons kan nog inklim.

PO Dis soos Mary Poppins se sak.

JG Okay, jy kan nog insit, dat hy oorloop, laat dit uitval.

DO Nou is hy verseker vol.

JG Okay, daarsy, daarsy, oorlopens toe. Jesus sê in Lukas 6:38, if you give your gift will return to you in a full and overflowing measure, pressed down, shaken together to make room for more until it runs over.

PO Wow.

JG Baie dankie julle, hoor. Ek hoop dit ‘n beeld, ‘n prentjie was by ons kan bly. Kan ons die Here vertrou daarmee? Kan jy hom vertrou daarmee? As ek vandag getuienis en stories vir u moet vertel uit my eie lewe, maar net uit wat hier in hierdie gemeenskap gebeur het al, is groot en onverskrokke, so waar is jy vanmôre? Is jy op ‘n plek... miskien sit jy met die big divide, die groot skeiding in jou lewe. Dis asof die Here is nie deel daarvan nie. Ja, ek bid met Hom, ek praat met hom daaroor, maar dis ek. If it’s going to be it’s up te me.

Ek het 'n bekommernis. Ek het ‘n las wat ek dra. Ek is my... ek kan nie uit God uit as my bron leef nie. Ek kyk nie, ek voel nie so na dit wat ek het as saad van God af nie. Dis ‘n uitnodiging. Dis ‘n uitnodiging vanmôre. Miskien sit jy ook hier op ‘n plek waar jy net wil draai en sê, Here, ek wil oorgee. Ek wil my hele lewe, alles net van U af, vir U dankie sê daarvoor, lewe soos wat U wil hê ek moet leef.

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dat ons vanmôre hier kan saamwees in die naam van Jesus. Ons dank U dat U in ons midde is. Ons dank U vir die woord wat U vir ons gegee het. Ons dank U, Here, dat U vir ons sorg. Ons dank U vir al die saad wat ons van U af ontvang. Maak ons oë oop om te kan sien, Here, te kan sien soos wat dit regtig is. Help ons, Here, om U te kan vertrou, U weë wat nie ons weë is nie, wat hoër is as ons weë. Help ons om vanuit U uit te lewe as ons bron, U te ken in alles wat ons doen. Vat ons in die avontuur van hierdie lewe en U lewe in. Ons dank U daarvoor, Vader, in die naam van Jesus, amen.

As jy met iemand wil praat is jy baie welkom om deur te gaan na die klipkerk toe. Mag die genade van die Here Jesus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees met elkeen van julle wees en bly in hierdie week, amen.


**© 2011 Mosaïek**